

BELEID INSAKE DIE INDIREKTE KOSTEVERHALINGSKOERS (IKVK) TEN OPSIGTE VAN DERDE- EN VYFDEGELDSTROOMINKOMSTE AAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US)

Beleidsverklaring	
Doel	Indirekte kosteverhaling op Derde- en vyfdegeldstroominkomste
Tipe dokument	Beleid
Aanvangsdatum	01/01/2023
Datum van volgende hersiening	01/01/2025
Hersieningsgeskiedenis	Vervang die 12% Toeslagbeleid op Bruto Derdegeldstroominkomste, asook 'n wysiging aan die IKVK-Beleid soos goedgekeur op 26 November 2018.
Eienaarskap van beleid	
Eenaar van beleid	Viserektor: Navorsing, Innovasie & Nagraadse Studies
Bewaarder van beleid	Senior Direkteur: Navorsing & Innovasie
Datum van aanvaarding	TBC
Aanvaar deur	Stellenbosch Universiteitsraad
Sleutelwoorde	Indirekte Kosteverhalingskoers (IKVK), Derdegeldstroominkomste, Volkoste, Vrystellings

1. KONTEKS VAN DIE INDIREKTE KOSTEVERHALINGSKOERS (IKVK)	3
2. BEPALINGS VAN DIE IKVK-BELEID	4
(A) Staatssubsidies en ander staatsbefondsing	4
(B) Gesekondeerde poste in die konteks van navorsingskontrakbestuur	4
(C) Merietegebaseerde pryse	5
(D) Terugbetaling van reis- en verblyfkoste	5
(E) Skenkings	5
(F) Beursinkomste	5
(G) Sport	5
(H) Drukkersfooie van studente (rekenaargebruikersareas) en handboekverkope via Afdeling Studente Finansies	5
(I) DeurvloEIFondse	5
(J) Toerusting	6
(K) Beperking van die IKVK volgens die beleid van die befondsingsinstansie	6
(L) Geborgte leerstoele	6
(M) Kortkursusse	7
(N) Kongresse	7
(O) Konsultasiewerk met geen akademiese voetspoor nie	7
(P) Na-doktorale genote	7
3. INSTITUSIONELE VERDELING VAN DIE IKVK OP DERDE- EN VYFDEGELDSTROOMINKOMSTE	8
4. VOLKOSTE	8
5. US BELEID INSAKE DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM	8
BYLAE A: Institusionele verdeling van die IKVK op derde- en vyfdegeldstroominkomste	9
BYLAE B: Goedkeuringsproses vir vermindering of vrystelling van die IKVK	11
BYLAE C: Befondsingsagentskappe waarvoor die IKVK tans op 'n verlaagde vlak vasgestel is	12

1. KONTEKS VAN DIE INDIREKTE KOSTEVERHALINGSKOERS (IKVK)

Die Universiteit Stellenbosch (US) het op 19 Januarie 2004 'n stelsel in werking gestel om oorhoofse koste met betrekking tot derdegeldstroominkomste in die vorm van 'n toeslag te verhaal. Aangesien die US grootliks van buitelandse afhanklik is om mededingende onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie te onderneem, word akademië aangemoedig om buitelandse te bekom en sodoende die kernbedrywighede van die US te bevorder. Onderrig-, navorsings- en gemeenskapsinteraksieprojekte wat uit buitelandse bronne befonds word gaan egter met bepaalde indirekte koste gepaard, en die beweging vir die IKVK is dus om hierdie indirekte koste te verhaal en die Universiteit sodoende as 'n finansiële volhoubare onderneming te bestuur. Indirekte koste sluit onder andere die koste van die volgende dienste in: regsdiens, finansiële dienste, menslike hulpbrondienste, navorsingsbestuursdiens, informasietegnologiesdiens, toegang tot biblioteekmateriaal, ondersteuning met sake rakende intellektuele eiendom, ensovoorts.

'n Verdere aspek wat tot die noodsaaklikheid van indirekte kosteverhaling bydra, is die nasionale wetgewing ten opsigte van intellektuele eiendom, oftewel die Wet op Intellektuele Eiendomsreg uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling, nr. 51 van 2008 (hierna 'die IER-wet'). Hierdie wet vereis dat instansies wat publieke befonding ontvang in bepaalde omstandighede die volkoste ten opsigte van kontraknavorsing verhaal. Die vereistes met betrekking tot volkoste word volledig uiteengesit in die US se Beleid vir die Bepaling van Volkoste vir Navorsingstoekennings en Navorsingsverwante Kontrakte (hierna 'die Volkostebeleid'), wat saam met hierdie dokument gelees moet word en waarvolgens die IKVK as 'n komponent van volkoste verhaal word.

In aansluiting by bogenoemde wetgewing is 'n nasionale benadering ten opsigte van die berekening van IKVK vir alle publieke hoërsonderwysinstellings in Suid-Afrika goedgekeur. Hierdie benadering is goedgekeur deur die Nasionale Intellektuele Eiendomsbestuurskantoor (NIPMO), 'n kantoor wat ingevolge die IER-wet daargestel is om juis dié wet in werking te stel. Die US het dus sedert 2013 die IKVK op 'n meer akkurate en genuanseerde wyse as in die verlede, op grond van werklike inligting uit sy finansiële state, bereken.

Die berekening van die volkoste verbonde aan navorsingsprojekte is verpligtend, soos voorgeskryf deur die US se Volkostebeleid. Voormelde beleid maak egter ook voorsiening dat 'n alternatiewe prys (anders as die berekende volkoste) vasgestel kan word, behalwe waar die IER-wet vereis dat die volkoste van 'n navorsingskontrak verhaal word. Die verhaling van volkoste dra by tot 'n meer volhoubare benadering ten opsigte van die uitvoering van projekte wat deur eksterne entiteite befonds word.

2. BEPALINGS VAN DIE IKVK-BELEID

'n IKVK word op alle derde- en vyfdegeldstroominkomste toegepas. Derde- en vyfdegeldstroominkomste sluit in dié konteks die volgende in:

- Navorsingstoekennings en navorsingsverwante kontrakte
- Diverse navorsing, oftewel navorsing waarvoor daar geen kontrak bestaan nie
- Konsultasiedienste
- Borgskappe
- Alle ander produk- en diensverkope (wat kortkursusse insluit asook konferensies wat nie deur die Sentrale Kantoor vir Byeenkomste en Konferensies (SKBK) gereël is nie)

Die IKVK is van toepassing op alle omgewings binne die Universiteit, akademies sowel as nie-akademies. Dit sluit ook omgewings in waarmee die Universiteit geassosieer word en waar van die US se dienste gebruik gemaak word.

Omgewings behou die reg om bykomende heffings te plaas op derde- en vyfdegeldstroombefondsing vir aktiwiteite wat nie 'n voldoende direkte bydrae tot die kernaktiwiteite van die US lewer nie. Benewens die verhalings van indirekte koste, kan 'n fakulteit byvoorbeeld 'n bykomende heffing plaas op navorsingskontrakte wat nie voldoende akademiese uitsette lewer nie.

Daar is egter bepaalde uitsonderings ten opsigte van die toepassing van die IKVK op sekere befondsingsbronne en/of -aanwendings, wat hieronder bespreek word:

(A) Staatssubsidies en ander staatsbefondsing

Staatsbefondsing in die vorm van 'n staatsubsidie of geormerkte toekenning deur die staat is eerstegeldstroominkomste, en is dus nie aan die IKVK onderworpe nie. Alle ander staatsbefondsing is, soos enige ander derde- en vyfdegeldstroominkomste, is onderworpe aan die IKVK.

(B) Gesekondeerde poste in die konteks van navorsingskontrakbestuur

Fondse wat geormerk is vir gesekondeerde poste is onderhewig aan 'n koers van 10% indirekte koste. 'n Gesekondeerde pos ontstaan wanneer 'n persoon deur 'n buite-instansie aangestel en dan gesekondeer word na die US. In so 'n geval betaal die buite-instansie die vergoedingskomponent via die US aan die personeellid.

(C) Merietegebaseerde pryse

Geen IKVK word op enige merietegebaseerde pryse soos die Oppenheimer-prys, gehef nie.

(D) Terugbetaling van reis- en verblyfkoste

Indien 'n ander instansie vir 'n personeellid se reis- en verblyfkoste verantwoordelik is, maar die koste word voorlopig deur die Universiteit gedek totdat 'n terugbetaling gemaak word, is hierdie terugbetaling vrygestel van die IKVK. Indien die reis- en verblyfkoste egter deel uitmaak van 'n navorsingsooreenkoms, sal sodanige koste nie vrygestel wees van die IKVK nie.

(E) Skenkings

Bona fide skenkings wat via die Universiteit se skenkingskantoor gemaak word, is vrygestel van die IKVK.

(F) Beursinkomste

Indien die navorsingstoekenning 'n beursbedrag insluit, is hierdie beursbedrag vrygestel van die IKVK en moet dit apart op die faktuur aan die befondsers getoon word (rekening 5387). Alle ander beursbefondsing wat nie met 'n navorsingskontrak verband hou nie, is ook vrygestel van die IKVK.

(G) Sport

Die ledesgeld wat sportklubs ontvang vanaf ingeskrewe, voltydse studente van die US, is vrygestel van die IKVK.

(H) Drukkersfooie van studente (rekenaargebruikersareas) en handboekverkope via Afdeling Studente Finansies

Drukkersfooie van studente en handboekverkope via die Afdeling Studente Finansies is vrygestel van die IKVK.

(I) Deurvloiefondse

In gevalle waar die Universiteit as deel van 'n konsortium fondse ontvang en 'n gedeelte van daardie fondse weer direk na ander instansies uitvloei, word sodanige gedeelte as deurvloiefondse beskou. Die inkomste val dus nie die US toe nie en die US tree slegs op as 'n agent. Die betaling van fondse aan 'n subkontraakteur wat nie tot 'n konsortium behoort nie, is egter nie deurvloiefondse nie. Deurvloiefondse is nie vrygestel van die IKVK nie, maar

daar kan wél deur middel van die proses in **Bylae B** om vrystelling of vermindering van die IKVK aansoek gedoen word. Goedkeuring vir die vrystelling of vermindering moet voor die finale ondertekening van die kontrak verkry word. Die bedrag wat egter nie na ander instansies oorbetaal word nie, maar binne 'n US-kostepunt bestuur word, sal wel onderworpe wees aan die volle IKVK.

(J) Toerusting

Die IKVK is ook van toepassing op fondse vir toerusting wat deel uitmaak van die direkte koste van die begroting vir 'n derdegeldstroomprojek (byvoorbeeld 'n navorsingskontrak of kortkursus). In gevalle waar een item toerusting die bedrag van R 1 miljoen oorskry (of daar verskeie toerusting op een navorsingskontrak aangekoop word met 'n waarde van meer as R 1 miljoen), sal slegs die eerste R1 miljoen onderhewig wees aan die IKVK. Die res sal vrygestel wees van die IKVK. 'n Enkele item van toerusting kan die aankoop van verskeie kleiner komponente insluit wat deel uitmaak van die groter stuk toerusting, asook die kostes wat gepaardgaan met die installering van die groot toerusting.

(K) Beperking van die IKVK volgens die beleid van die befondsingsinstansie

Enkele befondsingsagentskappe plaas beperkings op indirekte kosteverhaling. Waar sodanige befondsingsagentskap op die institusionele lys (**Bylae C**) verskyn, word so 'n bepaling tans deur die US erken. In hoogs uitsonderlike gevalle waar ander befondsingsinstansies volgens hul amptelike beleid 'n beperking plaas op die verhaling van indirekte koste met betrekking tot projekte wat hulle befonds, moet daar formeel aansoek gedoen word om die vermindering van die IKVK deur middel van die proses in **Bylae B**.

(L) Geborgte leerstoel

'n Leerstoel word beklee deur vooraanstaande navorsers en/of akademici met 'n bewese internasionale reputasie in hul betrokke navorsings- en/of onderrigsveld. 'n Leerstoel word beskou as een van die hoogste vorme van akademiese prestasie wat 'n akademiese lid aan 'n Universiteit kan verwerf. In die geval van 'n navorsingsleerstoel is die doel van die leerstoel om die navorsings- en innovasie kapasiteit van die publieke universiteit te versterk en te verbeter deur die lewering van hoë kwaliteit nagraadse studente en navorsings- en innovasie uitsette.

Die akademiese salariskomponent vir alle C1-aanstellings van 'n leerstoel sal onderhewig wees aan 'n koers van 10% indirekte koste. Die restante befondsing op 'n leerstoelkontrak [soos lopende kostes en personeelkoste (bv.

C2 en C3 personeel)], sal onderhewig wees aan die normale IKVK. Toerusting (J) en Beurse (F) word hanteer soos in hierdie Beleid beskryf.

(M) Kortkursusse

Die standaard indirekte kosteverhalingskoers sal geld vir alle eksterne inkomste verdien uit kortkursusse.

(N) Kongresse

Die standaard indirekte kosteverhalingskoers sal geld vir alle kongresinkomste. Kongresfooie moet op 'n volkoste basis bereken word. Alle konferensies gereël deur die Sentrale Kantoor vir Byeenkomste en Konferensies (SKBK) as deel van Factory 209, is vrygestel van IKVK.

(O) Konsultasiewerk met geen akademiese voetspoor nie

Die standaard indirekte kosteverhalingskoers sal geld vir alle konsultasiewerk met geen akademiese voetspoor nie. Hierdie tipe konsultasiewerk moet minstens op volkoste begroot word en voorsiening maak vir addisionele departementele- en/of fakulteitsheffings, soos per die fakulteit se prerogatief vasgestel.

(P) Na-doktorale genote

Na-doktorale genote is opkomende navorsers wie binne 5 jaar van graduering van hul PhD die geleentheid kry om hul doktorsgraad navorsing te doen maar ook ander akademiese opleiding soos lesings aanbied, mede-toesig oor studente en deelname aan navorsingsamewerkings onder die toesig van 'n ander akademiese omgewing.

- Na-doktorale genote het nie 'n aanstelling nie, en is onder 'n periode van opleiding om hul vaardighede en kennis binne hul betrokke veld te verbreed.
- Na-doktorale genote kan aangestel word as deel van 'n navorsingsprojek, en dit moet aangedui word aan die begin van die kontrak. Indien nie, kan dit geklassifiseer word as dienste gelewer en sal dan onderhewig wees aan inkomstebelasting. Werk gelewer op navorsingsprojekte moet beperk word tot 12 ure per week.

In gevalle waar 'n na-doktorale genoot aangestel word, is die fondse wat oorgedra word na die genoot vrygestel van IKVK.

3. INSTITUSIONELE VERDELING VAN DIE IKVK OP DERDE- EN VYDEGELDSTROOMINKOMSTE

Die IKVK word toegedeel aan die omgewings waar die koste aangegaan is. **Bylae A** bevat 'n uiteensetting van die toedeling wat vir alle derde- en vyfdegeldstroominkomste geld.

4. VOLKOSTE

Die IKVK is 'n standaard lynitem wat in 'n volkoste begroting in berekening gebring moet word. Geen vrystelling sal verleen word wanneer 'n projek as gevolg van 'n spesifieke intellektuele eiendomstransaksie teen volkoste bereken moet word nie. Vir meer inligting oor die Volkostebeleid, raadpleeg <http://www.sun.ac.za/afrikaans/research-innovation/Research-Development/policies-guidelines> .

5. US BELEID INSAKE DIE KOMMERSIËLE ONTGINNING VAN INTELLEKTUELE EIENDOM

Die IKVK-Beleid moet saamgelees word met die US Beleid insake die Kommersiële Ontginning van Intellektuele Eiendom.

BYLAE A: Institusionele verdeling van die IKVK op derde- en vyfdegeldstroominkomste

Die IKVK op derde- en vyfdegeldstroom inkomste, sonder die oordrag van enige Intellektuele Eiendom, beloop 20% van omset (25% van direkte koste). Die IKVK op navorsingstoekennings en navorsingskontrakte waar Intellektuele Eiendom oorgedra word, kan bevestig word met die Afdeling Navorsingsontwikkeling. Diè koers word elke twee jaar bepaal, en formeel deur NIPMO goedgekeur.

Die IKVK het betrekking op die volgende koste:

1. Die steun- en institusionele uitgawes wat deur die eerste- en tweedegeldstroominkomste befonds word. Dit word aan die hoofbegroting toegedeel waar dit as 'n inkomstelyn sal verskyn en volgens die toepaslike begrotingstoedelingsmodel verdeel sal word.

Die uitgawes waarna hierbo verwys word, sluit onder andere die volgende koste in:

- Menslikehulpbrondienste
- Oorhoofse finansiële dienste
- Informasietegnologie- en kommunikasiedienste en -steun
- Regsdienste
- Kommunikasie- en skakelingsdienste
- Biblioteekdienste
- Nagraadse Kantoor
- Oorhoofse navorsingsondersteuningsdienste
- Navorsingstoekennings aan subkomitees A, B en C
- Bankkoste en ouditfoie
- Alle versekering (onder andere aanspreeklikheid, bates en transito), behalwe geboueversekering
- Kampusgesondheidsdienste
- Maties Sport en sportterreine
- InnovUS (steunverwante bedryfskoste)

2. Die koste wat deel uitmaak van die IKVK, maar wat reeds deur die fakulteite/verantwoordelikhedsentrums gedek en van die kliënt/befondser verhaal moet word, moet direk toegedeel word aan die omgewing (akademies en nie-akademies) waar die derde- en vyfdegeldstroominkomste verdien word.

Die koste wat reeds deur die omgewings gedek word sluit onder andere die volgende in:

- Fasiliteitsbestuurs- en beplanningsdienste
- Instandhouding van geboue
- Sekuriteitsdienste
- Versekering van geboue
- Koste van munisipale dienste soos water, elektrisiteit, eiendomsbelasting, ensovoorts

3. Die steunkoste van die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) wat deel uitmaak van die IKVK en direk uit die IKVK-toedeling befonds word, word direk toegedeel aan 'n sentrale navorsingsfonds, wat na die goeddunke van die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) ter ondersteuning van navorsing en navorsingsverwante aktiwiteite aangewend kan word.

BYLAE B: Goedkeuringsproses vir vermindering of vrystelling van die IKVK

Die proses vir die goedkeuring van enige afwykings van die IKVK geld slegs indien dit val onder een van die kategorieë in die Beleid waarvoor daar uitdruklik om vermindering of vrystelling van die IKVK aansoek gedoen mag word. In sulke gevalle is die proses soos volg:

'n Volledige aansoek moet aan die Rekenmeester: Finansiële Beplanning en Begroting gestuur word, wat dit na die Senior Direkteur: Navorsing en Innovasie en die Hoofdirekteur: Finansies sal verwys. Indien daar volledig aan al die maatstawwe hieronder voldoen word, sal hierdie aansoek vir oorweging aan die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) en die Uitvoerende Bedryfshoof voorgelê word.

Die hoofnavorsers of koördineerders van die projek moet die volgende inligting verskaf en by die aansoek insluit:

- 'n Kort opsomming van die (navorsings-) kontrak, die strategiese belang daarvan vir die betrokke omgewing en die Universiteit, sowel as die betrokke kontrakbedrag. Hierdie opsomming moet ook duidelik toon watter akademiese uitsette (navorsingspublikasies, nagraadse studente, ens.) of ander toepaslike uitsette die kontrak tot gevolg sal hê.
- 'n Afskrif van die volledige kosteberekening van die projek.
- Bewys van die betrokke befonders se amptelike beleid (indien beskikbaar) wat daardie befonders se bepalings met betrekking tot indirekte kosteheffings beskryf.
- 'n Volledige motivering van die betrokke dekaan / viserektor waarin daar bevestig word:
 - o dat die betrokke befonders streef na 'n langtermyn verhouding met die US wat uitsonderlike akademiese uitsette sal oplewer;
 - o dat die kontrak in die US se strategiese belang is;
 - o dat daar bewys gelewer is van statutêre bepalings wat die heffings beperk; en
 - o dat die omgewing bereid is om die inkomste-aandeel van die IKVK te verbeur.

Die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) en die Uitvoerende Bedryfshoof sal slegs in gepaste gevalle so 'n IKVK-vermindering of -vrystelling oorweeg.

BYLAE C: Befondsingsagentskappe waarvoor die IKVK tans op 'n verlaagde vlak vasgestel is

Die volgende tabel sal slegs met die goedkeuring van die Viserektor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies) en die Uitvoerende Bedryfshoof aangepas word.

INSTANSIE	VEREISTES VAN INSTANSIE	US SIENING
Befondsing vanaf Suid-Afrikaanse staatsinstansies		
Alle programme van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) (THRIP uitgesluit)	0%	0%
NNS/Nasionale Lasersentrum	0%	0%
Navorsingstigtings en -trusts		
Welcome Trust	20% van direkte koste	20% van direkte koste
Navorsingsinstansies		
National Institutes of Health (NIH)	8% van totale direkte koste, wat toerusting uitsluit	8% van totale direkte koste, wat toerusting uitsluit
Groot nasionale semi-staat organisasies		
ESKOM TESP	2%	2%
ESKOM BRAD	2%	2%

